Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2020

GESKIEDENIS V1
NASIENRIGLYN
EKSEMPLAAR

PUNTE: **100**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 17 bladsye.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	• Onttrek inligting uit bronne. • Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne. • Definieer historiese begrippe/terme.	**30% (14)**
VLAK 2	• Interpretasie van bewyse uit bronne. • Verduidelik inligting verkry uit bronne. • Analiseer bewyse uit bronne.	**40% (26)**
VLAK 3	• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne. • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel. • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings.	**30% (10)**

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ‘n standpunt in te neem in die beantwoording van ‘tot watter mate’ vrae om enige punte te verdien.

1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik ’n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ’n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Paragraafvraag

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

_____ + _____ + _____

_____ + _____ + _____

√√√√

Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir *enige ander relevante antwoord.*

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ʼn geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ʼn individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ʼn argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ʼn beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ʼn argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ʼn relevante inleiding (aangedui met ʼn kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ʼn relevante slotopmerking (aangedui met ʼn kolpunt in die nasienriglyn) bv. ʼn antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte in die assessering van ʼn opstel.

P	**Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ʼn argument/ʼn duidelike hoofpunt. Elke paragraaf moet ʼn punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun.
E	**Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is.
E	**Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou.
L	**Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling _____
- Irrelevante stelling |
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA ↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 3	

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	} 26–27
A	VLAK 3	

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

AANBIEDING → / INHOUD ↓	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.					20–23	18–19	14–17
VLAK 1 Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

*Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: WAT WAS DIE OORSAKE VAN DIE 1917 RUSSIESE REWOLUSIE?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'Agtergeblewe' ✓✓ (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'vir indiensneming in fabrieke ✓✓ (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Rusland het 'n kapitalistiese ekonomiese stelsel gehad ✓✓
- Die nywerhede was in die besit van kapitaliste
- Die ekonomie het die private opbou van welvaart deur uitbuiting moontlik gemaak
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Hulle was ontnugter deur die tsaristiese regering ✓✓
- Hulle wou politieke en ekonomiese verandering hê ✓✓
- Hulle wou 'n regering hê wat deur 'n grondwet regeer en deur die meerderheid mense verkies word
- Die tsaar het nie na hul eise geluister nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'Mensjewieke' ✓
- 'Bolsjewiste' ✓ (2 x 1) (2)

1.1.6 *[Bepaling van bruikbaarheid van Bron 1A – V3]*
Die bron is **bruikbaar**
- Rusland se ekonomie was swak en onderontwikkeld/ agtergeblewe ✓✓
- Die Russiese ekonomie was op kapitalistiese beginsels gebaseer
- Rusland het 'n politieke stelsel aanvaar wat op diktatorskap gebaseer was
- Die Russiese bevolking was ontnugter deur die tsaar en wou verandering hê
- Russe het politieke partye gestig om verandering teweeg te bring
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'toe gewapende magte 'n groep vreedsame betogers aan die brand gesteek het buite die tsaar se Winterpaleis in St. Petersburg' ✓✓ (1 x 2) (2)

1.2.2 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 1B – V1]*
- Dit is die gewelddadige omverwerping van 'n regering om verandering teweeg te bring ✓✓
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Tsarisme was beskou as outokratiese heerskappy wat geen agting vir die Russiese volk gehad het nie ✓✓
- Die gewone Russe het geen seggenskap gehad oor die regering van die land nie ✓✓
- Tsarisme het die volk onderdruk, en die volk het geen vryheid gehad nie
- Die tsaar het hom nie aan die wense en welsyn van sy volk gesteur nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Rusland was onvoorbereid vir die oorlog ✓✓
- Rusland het gedink dat Japan maklik verslaan sou word ✓✓
- Japan was beter voorbereid vir die oorlog as die Russe
- Hulle het nie genoeg wapens en ander oorlogsmateriaal gehad nie
- Die oorlog was te duur/onbekostigbaar vir Rusland
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Rusland was onvoorbereid vir die oorlog ✓✓
- Russiese soldate vertoon ŉ beeld van hopeloosheid ✓✓
- Die Russiese leër was verslaan – het lae moraal gehad
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van bronne om die ooreenkomste te bepaal – V3]*
- Beide bronne toon dat Rusland onvoorbereid vir albei oorloë was ✓✓
- Beide bronne meld dat Rusland in albei oorloë verslaan is
- Beide bronne toon dat die Russiese soldate en die bevolking vertroue in die tsaar ná die nederlae verloor het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.5 1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Skaarsheid aan voedsel in Petrograd' ✓✓ (1 x 2) (2)

1.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Regeringskorrupsie het hooggety gevier' ✓✓
- 'Die Russiese ekonomie was agtergeblewe' ✓✓
- 'Rusland se rampspoedige betrokkenheid by die Eerste Wêreldoorlog' (Enige 2 x 1) (2)

1.5.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Duitsland het meer gevorderde wapens gehad ✓✓
- Rusland was nie voorbereid op die oorlog nie ✓✓
- Russe het ŉ ernstige tekort aan wapens en mediese voorrade gehad
- Russiese soldate het ŉ tekort aan voedsel en lae moraal gehad
- Rusland was deur sy binnelandse sake geaffekteer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.5.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Die soldate wat veronderstel was om die opstand te onderdruk, het by die betogers aangesluit ✓✓
- Die Russiese nederlaag tydens die Eerste Wêreldoorlog het die Tsaar ongewild gemaak
- Die muitery van die Kronstadt matrose het die lot van die Tsaar verseker
- Hy het nie meer die ondersteuning van sy mense gehad nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Paragraaf – interpretasie, analise en sintese van bewyse vanuit relevante bronne – V3]*

- Russiese ekonomie agtergeblewe en gebaseer op kapitalisme (Bron 1A) ✓✓
- Bevolking was ontnugter met die tsaar wat tot die 1905 rewolusie gelei het (Bron 1A)
- Rusland het 'n tekort aan voedsel ervaar wat die hoofdryfkrag vir verandering geword het (Bron 1A)
- Russe het politieke partye gestig om veranderinge mee te bring (Bron 1A)
- Tsarisme het onderdrukkend geword met min agting vir menslike vryhede (Bron 1B)
- Rusland se verslane oorlogspoging teen Japan was as die katalisator vir politieke hervorming beskou (Bron 1B)
- Rusland se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog was 'n ramp (Bron 1C)
- Rusland was onvoorbereid vir die oorlog en het groot nederlae gelei (Bron 1C)
- Voedseltekorte in Rusland het tot die uitbreek van die Februarie rewolusie gelei (Bron 1D)
- Soldate het by die betogers aangesluit – Tsaar gedwing om te bedank (Bron 1D)
- Lenin en sy Bolsjewiste het 'n suksesvolle staatsgreep uitgevoer (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse. • Vraag nie beantwoord nie. • Toon geen of min begrip van **die oorsake van die 1917 Russiese Rewolusie.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp. • Toon 'n mate van begrip van **die oorsake van die 1917 Russiese Rewolusie.** • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**3–4**
VLAK 3	• Gebruik relevante en toepaslike bewyse. • Toon 'n deeglike begrip van **die oorsake van die 1917 Russiese Rewolusie.** • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.	**5–6**

(6)

[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: WAT WAS DIE GEVOLGE VAN DIE GROOT DEPRESSIE OP DIE AMERIKAANSE SAMELEWING IN DIE 1930's?

2.1 2.1.1 *[Definisie van historiese konsep uit Bron 2A – V1]*
- Dit is 'n periode van ekonomiese swaarkry in die VSA ✓✓
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1)*
- 'Hoë temperature' ✓
- 'Onvoldoende reënval' ✓
- 'Sterk winde' ✓
- 'Besmetting van gewasse deur insekte' ✓ (4 x 1) (4)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Banke het ineengestort as gevolg van die afname in die waarde van eiendomme ✓✓
- Te veel mense het hul geld op dieselfde tyd onttrek ✓✓
- Banke het nie genoegsame kontantvloei gehad om hul kliënte te diens nie
- Banke kon nie hul geld herwin uit hul lenings wat hulle gemaak het nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Paniekverkope toe die prys van aandele gedaal het ✓✓
- Dit was die gevolg van die onvolhoubare styging van aandeel-pryse in die vroeë jare ✓✓
- Die aankoop van aandele met geleende geld
- Oor-spekulasie
- Ongesonde besigheidspraktyke
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Bruikbaarheid van Bron 2A – V3]*
Die bron is **bruikbaar**:
- Dit beskryf hoe die Amerikaanse ekonomie geaffekteer was deur die ineenstorting van die New York aandelebeurs ✓✓
- Dit wys hoeveel mense as gevolg van die ineenstorting werkloos geword het
- Dit wys dat landbou ernstige verliese gelei het wat verder tot armoede gelei het
- Dit toon dat besighede in duie gestort het wat tot grootskaalse werkloosheid gelei het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1)*
- 'Uiterse swaarkry en armoede' ✓
- 'Om die felheid van die Groot Depressie te vermy' ✓ (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'geringe diefstal' ✓✓ (1 x 2) (2)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Die meeste mense het werkloos geraak ✓✓
- Werklose mense het hulself tot diefstal gewend om te oorleef ✓✓
- Vroue het hulself tot prostitusie gewend om kos op die tafel te sit
- Alkoholisme het toegeneem
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'Vroue en mans het die Groot Depressie baie verskillend ervaar' ✓✓

(1 x 2) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'Hulle was werkloos en nie in staat om vir hul families te sorg nie' ✓✓

(1 x 2) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Vroue was as uitgeworpenes beskou omdat hulle die werksgeleenthede wat gewoonlik vir mans gereserveer was, geneem het ✓✓
- Hul salarisse was uiters min ✓✓
- Vroue salarisse was onderworpe aan vermindering
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Swart Amerikaanse vroue het hul werk aan blanke Amerikaanse vroue verloor ✓✓
- Swart Amerikaanse vroue het die laagste lone vir hul arbeid ontvang
- Stedelike Swart Amerikaanse vroue was in prostitusie as gevolg van die depressie gedwing ✓✓
- Swart Amerikaanse vroue was na die slawemark as gevolg van armoede gedwing
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Hul rol as huisvroue het verander ✓✓
- Vroue het die broodwinners van hul families geword
- Vroue was gedwing om te werk om die uitgawes te dek
- Vroue se rol as huisvroue het verdwyn aangesien hulle moes werk
- Vroue was na prostitusie gedwing om te oorleef
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Die Groot Depressie het 'n verwoestende effek op vroue gehad ✓✓
- Baie vroue het hul werk tydens die Groot Depressie verloor ✓✓
- Die Groot Depressie het tot die armoede en lyding van vroue gely
- Vroue kon nie vir hul kinders tydens die Groot Depressie voorsien nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Bron 2C verklaar dat vroue tydens die Groot Depressie gely het terwyl Bron 2D die lyding van 'n vrou tydens die Groot Depressie uitbeeld ✓✓
- Bron 2C verklaar dat vroue nie vir hul families kon voorsien nie terwyl Bron 2D die hopeloosheid van 'n moeder wat nie vir haar kinders kon voorsien nie, uitbeeld
- Beide bronne toon dat vroue werkloosheid en armoede ervaar het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Interpretasie, analise en sintese van informasie vanuit alle bronne – V3]*

- Die Groot Depressie het met misoeste in die VSA saamgeval (Bron 2A) ✓✓
- Die Groot Depressie het tot grootskaalse werkloosheid gelei (Bron 2A)
- Die Groot Depressie het tot die ineenstorting van die bankstelsel in die VSA gelei (Bron 2A)
- Die Groot Depressie het tot die devaluering van aandele gelei (Bron 2A)
- Geringe diefstal het 'n oorlewingstaktiek geword (Bron 2B)
- Baie mense het selfmoord gepleeg om die felheid van die depressie te ontduik (Bron 2B)
- Tekort aan werksgeleenthede en geld het 'n negatiewe impak op mense se gesondheidsorg gehad (Bron 2B)
- Alkoholisme het toegeneem (Bron 2B)
- Depressie het die tradisionele rol van vroue verander namate meer vroue gedwing was om te gaan werk om die huishoudelike uitgawes te dek (Bron 2C)
- Groot Depressie het tot die uitbuiting van vroue gelei – lae lone ontvang (Bron 2C)
- Baie vroue was tot prostitusie gedwing (Bron 2D)
- Swart Amerikaanse vroue meer nadelig geaffekteer as blanke Amerikaanse vroue (Bron 2C)
- Baie vroue en kinders het verarm (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

	KRITERIA	PUNTE
VLAK 1	• Gebruik bewyse op elementêre wyse. • Vraag nie beantwoord nie. • Toon geen of min begrip van **die gevolge van die Groot Depressie op die Amerikaanse samelewing in die 1930s.** • Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie.	**0–2**
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp. • Toon 'n mate van begrip van **die gevolge van die Groot Depressie op die Amerikaanse samelewing in die 1930s** • Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	**3–4**
VLAK 3	• Gebruik relevante en toepaslike bewyse. • Toon 'n deeglike begrip van **die gevolge van die Groot Depressie op die Amerikaanse samelewing in die 1930s.** • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon.	**5–6**

(6)
[50]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]

SINOPSIS
Hierdie vraag vereis dat die kandidaat met die stelling moet saamstem of teenstem. Die fokus moet op ekonomiese ontwikkeling en beplanning onder Stalin wees. Die kandidaat moet dan relevante en geloofwaardige bewyse gebruik om 'n behoorlike argument ter ondersteuning van sy standpunt te ontwikkel.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:
Inleiding: Die kandidaat moet verklaar of Stalin suksesvol was om Rusland in 1939 tot 'n supermoondheid te transformeer. Die inleiding moet fokus op die impak van Stalin se vyfjaarplanne, met spesiale verwysing na industrialisering.

UITBREIDING
- Stalin se teenkanting van die NEP – afskaffing van die NEP
- Stalin se doelwitte – ekonomiese ontwikkeling en beplanning
- Rol van Gosplan
- **Eerste vyfjaarplan**: spesiale fokus op industrialisering
- Doelstellings en prestasies: die bou van fabrieke en die ontwikkeling van vervoer
- Die vervaardiging van landboumasjinerie word na 400% verhoog
- Meer as 1 500 fabrieke is gestig, bv. trekkerfabrieke by Stalingrad en motor-fabrieke in Moskou.
- Steenkool-, mynbou- en metaalbedryf is uitgebrei
- Die ontwikkeling van hidro-elektriese krag was 'n groot stimulus vir nuwe nywerhede
- Groot stede is gestig
- Die bestaan van 26 miljoen boere het 'n probleem in die landbou geskep omdat die grootte van hul eenhede nie die gebruik van landboumasjinerie geregverdig het nie.
- Die boere was nie bereid om hul grond prys te gee of om te moderniseer nie
- Stalin het kollektivisering ingestel
- Boere het dit teëgestaan, en hul vee geslag en oeste vernietig
- Dit lei tot 'n tekort aan vleis en suiwelprodukte
- Ongeveer 2 miljoen mense het weens kollektivisering gesterwe
- Stalin se landbou-hervormings het misluk, en hy moes noodgedwonge sy plan hersien
- **Tweede vyfjaarplan**: Stalin het voortgegaan om die ontwikkeling van swaar
- nywerhede te beklemtoon
- Die klem val op die produksie van verbruikersgoedere
- Vervoer is gemoderniseer
- Die landbouplan het ten doel gehad om kollektivisering vir die boere meer aanvaarbaar te maak deur kollektiewe boerderye aan te pas
- Boere moes nou net 'n kwota van hul produksie aan die Staat oorhandig

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

- Opofferings van Russiese werkers verwag
- Benewens kollektiewe boerderye, was daar ook die ontwikkeling van staatsplase wat soos fabrieke bedryf was, dit wil sê werkers was lone betaal en bestuurders het die bedrywighede bestuur
- ’n Verdere kenmerk van die Tweede Vyfjaarplan was die gebruik van kunsmis, landboumasjinerie en moderne landboupraktyke.
- **Derde vyfjaarplan en die Tweede Wêreldoorlog**: hierdie plan was basies ’n voortsetting van die eerste twee planne
- Die bedreiging van die Tweede Wêreldoorlog het gelei tot ’n verskuiwing na die produksie van wapens en ammunisie
- Impak op ekonomie

- Gevolgtrekking: Kandidate moet die argument saamvat met ’n relevante gevolgtrekking ten opsigte van die standpunt wat in die inleiding geneem is. **[50]**

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]

SINOPSIS
Die kandidate moet verduidelik tot watter mate Roosevelt se Nuwe Bedeling die negatiewe gevolge van die Groot Depressie in die Verenigde State van Amerika in die 1930's verminder het. Die belangrikste fokus moet op die maatreëls sowel as die impak van Roosevelt se Nuwe Bedeling op die ekonomie wees. Die kandidaat moet toepaslike historiese bewyse gebruik om sy standpunt te ondersteun.

HOOFASPEKTE
Inleiding: In die inleiding moet die kandidaat aandui tot watter mate Roosevelt se Nuwe Bedeling die negatiewe gevolge van die Groot Depressie in die VSA in die 1930's verminder het. Relevante historiese bewyse moet gebruik word om 'n gedagtegang te ontwikkel wat ooreenstem met die kandidaat se standpunt.

UITBREIDING
- Die presidensiële verkiesing van 1933 – die belofte van Roosevelt vir 'n nuwe bedeling vir die Amerikaanse volk
- 1933 verkiesings – Oorwinning van die Demokratiese Party
- Verandering in die regering se ekonomiese beleid
- Demokratiese Party – het direkte regeringsinmenging in die ekonomie voorgestaan
- Roosevelt se beleid van **Verligting, Herstel en Hervorming**
- **Verligtingsmaatreëls**: om armoede aan te spreek
- Die Federale Noodhulp Administrasie het aan die federale regerings geld vir verligting voorsien
- Sopkombuise is gevestig
- Tydelike behuising is voorsien aan diegene wat noodgedwonge op straat moes woon
- Herstelmaatreëls: ingestel om werkloosheid aan te spreek
- Reeks programme wat deur die regering geborg word, is bekendgestel
- Civil Work Administration (CWA) het werk vir die werklose geskep
- Civilian Conservation Corps (CCC) – duisende mans het aan bewarings-projekte in die nasionale parke, woude en openbare lande gewerk
- Agricultural Adjustment Act (AAA) – het boere bygestaan
- Die Tennessee Valley Authority (TVA) – het een van die armste boerderygebiede in die Tennessee-riviervallei opgehef en werk aan mense verskaf
- Hervormingsmaatreëls**:** Gefokus op die maatskaplike ondersteuningstelsel
- Wetgewing vir die bestuur van aandelebeurse
- Die rol van die regering in die ekonomie
- Ekonomiese herstel
- Public Works Administration (PWA) was deel van NIRA
- Work Progress Administration (WPA) het grootskaalse werksgeleenthede verskaf
- Konstruksie-projekte byvoorbeeld (paaie, damme, skole ens.)
- Opgradering van infrastruktuur (riool- en dreineringstelsels)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

- ‘Social Security Act’ van 1935
- Maatskaplike welsynmaatreëls is ingestel
- Nasionale stelsel van pensioene en werkloosheidsvoordele
- Uitgewerkte deelboere (‘sharecroppers’) is gehelp met huise en lenings
- Groot besighede en rykes moes belas word vir die regering om pensioen- en werkloosheidsvoordele te betaal
- Evaluering van die Nuwe Bedeling
- Kritiek van die Nuwe Bedeling

- Gevolgtrekking: Kandidate moet die argument saamvat met 'n gepaste slotsom, met inagneming van die standpunt wat in die inleiding geneem is. **[50]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore